

OORDENKING : KLEINTJIES

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Toe Jesus na gepaste name vir sy volgelinge gesoek het, het Hy volgens **Matteus 18** besluit op *kleintjies*. Nee, Jesus het nie gekies vir iets soos kragre-use nie. Of vir *supermense* nie. Nee, sommer net *kleintjies!* Hoekom? Wel, volgelinge van Jesus is weerloos! In hulleself is hulle nijs spesiaal nie. **Krag, soos wat die wêrelde dit ken, is nie hulle sterkste punt nie, maar afhanklikheid van hulle Hemelse Vader wel!** Eie eer of roem tel nijs vir hulle nie; respek vir God tel alles! Jesus se kleintjies kyk graag op na die Hom. Hulle is klein, Hy is groot. Hulle is swak, Hy is sterk. Hulle weet nie, maar God weet. Hulle verstaan nie, maar Hy verstaan alles.

Die Here se kleintjies staan uit die pad sodat Hy raakgesien word. Hulle weet dit gaan slegs oor Hom. 'n Soeke na erkenning is nooit eens op hulle ridderskerm nie. Hulle het in elk geval g'n rede hiervoor nie, want alles wat hulle is en het, is net genade. Hulle lewens is dag vir dag in die hande van 'n genadige Vader. Daarom bekommert die kleintjies hulleself nie flou oor al die groot dinge van die lewe nie. **Hulle weet die Here sorg op sy eie maniere vir hulle.**

Jesus se kleintjies het genoeg vir elke dag, selfs meer as genoeg. Hulle het 'n Vader wat al hulle behoeftes ken en wat die beste weet. Hy is hulle Versorger, hulle Gids, hulle Skuilplek en hulle Heer. Daarom dat daar altyd opgewondenheid in hulle harte bruis. Daarom dat hulle vreugde ken.

Gebed

Dankie liewe Heer dat U ons Vader is
Dankie dat U wat groot is vir ons wat klein is raaksien
Dankie dat U ons optel as ons val
Dankie dat U sterk is as ons swak is
Dankie dat U U ore spits om ons gebede te hoor
Dankie dat U vir ons elke dag genoeg kos en klere gee
Dankie dat ons nou en elke ander dag uit U hand mag leef
Ons eer U in Jesus se Naam
Amen

Kom ons glo en vertrou weer soos klein kindertjies op die Here

Ds Leon Tait



God se genade-gom vir verhoudings

Genade beteken:
nijs wat ek doen kan God my méér laat liefhê nie en nijs wat ek doen kan God my minder laat liefhê nie!



God wat ons begenadig het en in ons lewe kom intrek het ken ons alte goed! Hy weet dat verhoudings ons groot uitdaging, vreugde én pyn in hierdie lewe is. God se wondergom vir verhoudings spel ons genade. God se kinders wat Sy genade leer ken het, leef uit genade!

Die genade van geduld. Het jy dit ook opgemerk dat keer op keer wanneer daar in die Bybel oor verhoudings tussen christene gepraat word, is geduld prominent bv. Kol 3:13 *wees geduldig met mekaar*. Geduld is die eerlike erkenning dat niemand van ons volmaak is nie en dat daar om ons almal se nekke eintlik die bordjie hang: *steeds onder konstuksie*. Omdat ons weet dit is van onsig waar aanvaars ons dat dit ook van ander waar is en behandel ons hulle met die genade-gom van geduld. Geduld beteken dat ek liefdevolle begrip vir ander se foute, swakhede en aardighede het en dat dit nie my gesindheid of optrede bepaal teenoor 'n ander persoon nie. Dit is mos presies hoe die Here met ons maak nie waar nie?

Die genade van vergifnis. Vergifnis is die tweelingboetie van geduld. Daarom lees ons: *wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar* (Kol 3:13). Om te sondig teen iemand is menslik, maar om te vergewe is Goddelik! Daarom het God deur ons te vergewe, ons kom leer wat vergifnis is. Sonder vergifnis is geen verhouding moontlik nie, behalwe gebroke en stukkende verhoudinge. Vergifnis is nie om maar net te vergeet nie en ook nie om jou gedrag te verskoon nie. Vergifnis is die wonderwerk om oor en voor te begin saam met die een wat jou seergemaak het om aan julle verhouding te werk. Wie met vergifnis lewe, lewe in pas met God se versoenende hartklop! Christene oorwin in verhoudings deur die genade-gom van vergifnis.

Die genade van liefde. Niks kan soos Jesus-liefde die stampie en stote van verhoudings hanteer nie. Liefde bedek 'n menigte sondes. Daarom word liefde die band van volmaaktheid genoem wanneer dit by verhoudinge kom (Kol 3:14). Chip Ingram vat dit uitstekend saam met die woorde: *Love is giving another person what they need the most when they deserve it least at great personal cost*. Hierdie is die wondergom van genade! Gebruik dit vrylik en gereeld en die verhoudinge in jou lewe sal heler en beter wees as ooit.

Kom ons gebruik die genade-gom van geduld, vergifnis en liefde in ons huise, huwelike asook in ons onderlinge verhoudinge in die gemeente en ervaar hoe God ons een maak en tot seën maak vir mekaar en ander.

Groete van 'n mede-begenadigde

Ds Leon van Heerden



- **18 Julie:** Skole open
- **24 Julie:** Doop & Gemeente-tee

Sien jou daar!

Sinodale deurkollekte: Hulpbehoewende Gemeentes



BOOMSLOPING en snoei van bome & struiken.

Kontak Ernst by 083 656 4992

RUIM KAMERS met ingeboude kaste te huur - Rietfontein - met/sonder etes. Kontak Theuns 083 598 5269

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100

c'n anru
eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratiswaardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aan soeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



GOD SMEEK JOU OM DIE REGTE PAD TE KIES

So sê die Here: "Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind." - Jeremia 6:16

Pleit God by jou om na die paaie terug te keer waarsleng jy geloop het voordat die wêreld se sorge of geldmaak jou begin verswelg het? Verlang jy na die paaie waarsleng jy geloop het toe jy 'n kind was en geweet het dat jou ma vir jou bid?

As jy op 'n pad na nêrens was, draai vandag om. Jy kan teruggaan. Vra net vir God waar die regte pad is - Hy sal jou help om die goddelike pad te vind waarop jy voorheen was. Loop die bekende paaie waarop jy was toe jy Jesus ontmoet het, en jy sal rus vind vir jou afgematte siel.

*My Vader, ek het rus vir my siel nodig.
Ek wil teruggaan na die goeie pad wat min bewandel
word - waar my pad saam met U begin het. Ek dan U
dat U my daarheen lei, sodat ek op u goddelike
Paaie kan loop en u rus kan vind.*



**W
E
B
W
E
R
F**

RIETFONTEIN-SUID WEBWERF:

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf.

Daar is 'n klomp nuwe ontwikkelinge om te sien en ontdek.

Hierdie Rietfontein kan ook elektronies afgelaai word.

rietfontein-suid.ng.org.za

PETER SWEISMAN

Ek ontwerp en doen pragtige **STAALWERK** volgens jou behoefté en spesifikasies:

- Veiligheidshekke
- Gemotoriseerde Hekke
- Diefwering
- Kunstige Staalheinings
- Blomrakke en Staanders
- Vleisbraaiers
- Afdakke
- Wat ookal



Kontak Peter Dorfling vir 'n kwotasie:

076 713 2167 / 012 331 0952

You are strong.... When you take your grief and teach it to smile.

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
Kom maak jou droom waar!

Kontak Kobus Nel 082 961 9425

Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in S.A. Leërorkest gespeel.



MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za



On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue

Rietfontein-Suid Woekerprojekte 2011

15 MEI TO 25 SEPTEMBER 2011

NAAM & TELL.

Leon & Monique Tait
0826014235 & 0829204528

Heerlike Gemmerbier @ R12.00 per
2Lt

Stephan & Ruan - 0829204528

Baba Hamsters @ R15.00

Gerda & Monique
0823388298 & 0829204528

Kraleklasse

Thomas Omgeegroep - 0823729803 Braaihoender en slaai by kerk

Andreas Omgeegroe - 0721202952 Poeding verkope,
maandeliks



Arné Oelofse - 0760305222

Jasse

Rudolph de Beer - 012 3300269

Afval-aand. Bespreek nou vir Augustus
maand

Yvonne Adlam - 012 3311068

Pannekoek

Hennie du Plessis - 0823775965

Handgemaakte glas
poppies



Adverteer u woekerprojek in die Rietfluit Maandblad gratis

Kontak Ilze 072 111 3100

Taakspan vir Kinders

Wie is ons?

Die Junior Kategese en Kleuterkerk sorteer onder die Taakspan vir Kinders in die **Bediening vir Diens**.

Lita Spreeth is tans die taakspanleier en Malinda Rademeyer bied die Kleuterkerk aan. Hoewel die formele naam Junior Kategese & Kleuterkerk is, praat ons nog maar van Sondagskool!

Kinders **van ouderdom 3 jaar tot Graad 7** kom Sondae vanaf 08:50 in die kerksaal bymekaar vir die erediens wat van 09:00 af spesiaal op hul vlak aangebied word. Daarna verdaag almal na hul onderskeie klasse tot ongeveer 10:15. Nagmaalsondae word die normale program gevolg, maar langnaweke en vakansies is daar nie Sondagskool nie. Die kinders woon dan ook die spesiale Gesinsdienste een maal per kwartaal saam met hul ouers by.

Die kategete wat vir die onderrig van die kinders in die verskillende ouderdomsgroepe verantwoordelik is, is as volg:

Kleuters	Elma du Plessis
Graad R	Esté Nieuwenhuis
Graad 1	Leoni Gobey
Graad 2	Elbie Ferreira en Nicolette van Heerden
Graad 3	Talita Fourie
Graad 4	Charmaine Breedt en André Rohlandt
Graad 5 & 6 dogters	Charleen Viljoen
Graad 5 seuns	Vonica van Zyl
Graad 6 seuns	Lita Spreeth
Graad 7	Pieter Viljoen



The Health Q & A offers easy to understand information that is relevant to family health issues.

www.childmag.co.za

Kids News

Kids News is a parenting newsletter for South African Parents that is distributed each week by email. The Kids News website has loads of information for parents including a school listing, over 230 party venues, and party entertainers and much more. Please take a look and when you visit make sure you register your email address so that you can receive our informative newsletter.

www.Kidsnews.co.za

South African Health Resource Centre

Comprehensive Resource Centre for health and wellbeing services, professional medical services and products, etc. Free site listing services.

www.saeverything.co.za

Kids Kits Crafts

One of the best sites for Children's Craft that we have seen on the internet. Comprehensive and inexpensive kids kits of handwork, arts and crafts. Basketry, Knitting, Quilting, Weaving, Woodwork and Mobile kits for children.

www.kidskitscrafts.com

Josephine's Entertainment / Edutainment and Kiddie Junction

Josephine and Goggles the Goose perform at schools and special occasions with a powerful message to all: although we are all different - YOU ARE SPECIAL.

www.kiddiejunction.co.za

HEALTHY EATING

- The South African Glycemic Index & Load Guide by Gabi Steenkamp RD (SA) and Liesbet Delport RD (SA)

Published by GIFSA (www.gifoundation.com)

- Sustained Energy for kids or the Afrikaans version

Volgehoue energie vir kinders

by Gabi Steenkamp, Tanzia Merlin & Jeske Wellmann

Published by Tafelberg (www.tafelberg.com)

INTERNET

"SURF" VIR JESUS

Hier volg 'n paar oulike webwerwe vir inligting oor Christelike kinderopvoeding en hulp vir ouers.

Healthy Kids

Die werk gee goeie inligting oor alle aspekte van kinder opvoeding, gesondheid, boeke en nog vele meer.

www.healthykidz.co.za



Selective Mutism S A

South African based site dedicated to Selective Mutism and other Childhood Anxiety Disorders. Includes information as well as Support Group.

www.selectivemutism.co.za

Parenting / Immergroen Ouerskap

'n Eenstop webwerf oor kreatiewe Christelike kinderopvoeding van baba tot twaalf jaar. Deur Hettie Brittz - die bekende Suid-Afrikaanse Opvoedkundige-Deskundige en skrywer van o.a. Kweek Kinders met Karakter en Gesonde Gesag.

www.immergroenouerskap.co.za

Floatnotes

Beautiful poems for every imaginable occasion, printed in black on see-through vellum. Perfect to personalize a special scrapbook page, or use your imagination for other uses! Poems can be personalized as well on request.

www.FloatNotes.co.za

Joburg's Child

Virtual home of the free Parenting Magazine, published 11 times a year. Full length feature articles, written by award-winning writers deal with issues that are relevant to today's parents. The resource articles assist families in exploring their surrounds and provide interesting ideas for weekend activities. The good book guide gives parents convenient access to the latest reads.

Wat doen ons?

As basis vir ons onderrig gebruik ons **Die Bybel** – ons enigste ware bron van die waarheid en ons moedig die kinders dus ook aan om elke Sondag hul eie Bybel saam te bring – al is dit 'n Kinderbybel. Die beginsel is dat mens net van God kan leer as jy Sy Woord by jou het en dit bestudeer. Ouers moet dus nie verbaas wees as die kinders by die huis kom kla dat hulle 'in die moeilikheid' is as hulle nie hulle Bybels saambring nie!


Ons volg **Lesse wat Leef** – 'n reeks wat spesiaal vir kinders van hierdie oud-erdom deur Susan Fourie geskryf is. Dit word gebruik om die kategete met die praktiese toepassing van Bybelse waarhede in die klas te help.

Hoewel ons met liefde probeer om die kinders te onderrig in God se Woord, bly dit steeds die ouers se primêre taak by die huis. Kinders moet letterlik van moedersknie die Waarheid leer en ons probeer dus voortbou op die grondslag wat reeds by die ouerhuise gelê word.

Elke laaste Sondag van die kwartaal word daar, in plaas van die normale Sondagskoolklasse, 'n **werkswinkel** gehou. Tydens hierdie werkswinkel kry die kinders geleentheid om saam in hul klasse in werkgroepes in die kerksaal aan 'n projek te werk. Dit is gewoonlik afgelei van 'n tema wat deur die kwartaal in die Kleuterkerk behandel is en hulle kry dus kans om prakties die idees wat met hulle in die kwartaal gedeel is, te oefen. Die plakkate wat hulle maak word dan teen die mure in die saal opgeplak, sodat hulle met trots hul eie handewerk aan hul ouers kan wys.

Ons kinders het ook hul eie kwartaalblad, die **Penniefluitjie**. Die titel van die nuusblad is so gekies om te pas by die gemeente se Rietfluit – selfs die kleinste fluitjie in 'n orkes kan mos die mooiste musiek maak!

Al die uitgawes van die **Penniefluitjie** kan op die gemeente se webtuiste onder **Die Koffiepot** verkry word.



As deel van ons **Spesiale Projekte**, ondersteun ons 'n seuntjie in die Oekraïene – **Sergiy Denysenko**. Hy het 'n serebrale siekte wat veroorsaak dat hy stadiger as ander kinders ontwikkel, maar hy is nou al amper 11 jaar oud en het twee boeties en twee sussies wat nie in dieselfde kinderhuis as hy bly nie.

Elke eerste kwartaal van die jaar samel ons geld met ons geldbome in wat dan vir Sergiy in 'n fonds inbetaal word by Sending Sonder Grense (SSG),

sodat hy versorg kan word in die kinderhuis waar hy tuisgaan. Twee maal per jaar skryf ons ook vir hom briefies en kaartjies wat dan deur SSG aan hom gestuur word.

Ons is baie opgewonde oor **ons eie klaskamers** wat reeds geverf is en waarvan die vloere reeds oorgedaan is! Ons gaan dus van hierdie kwartaal af begin om die klaskamers mooi te maak met die kinders se eie kunswerke, verjaardaglyste, foto's, ens.

Kinders word nie met handboeke uitgegee nie, daarom probeer ons in die **Bediening vir Diens** op verskeie maniere geleenthede te skep vir die toerusting van ons ouers.

Die **Ouer-Oase** is 'n ondersteuningsgroep wat beskikbaar is vir alle ouers huis met die oog op toerusting en dit word elke laaste Donderdag teen 18:30 in die Oase aangebied. Daar word voorsiening gemaak vir die kinders deurdat DVDs vir hulle gewys word, sodat ouers gerus hul kinders kan saambring.

In April 2011 het ons ook as deel van die Bediening vir Diens se ouertoerusting-sinilitiatief met 'n nuusblad spesiaal vir ons ouers in die gemeente begin, naamlik **Ouers in Harmonie**. Hier voer ons die musiektema verder en streef daarna om elkeen 'n deeltjie by te dra om in God se simfonie-orkes saam in harmonie te leef en Hom so te eer.

Dié nuusblad word maandeliks gedoen en op die gemeente se webtuiste onder **Die Koffiepot** opgeset. Die ouers wat nie internettoegang het nie, kan net hul name en posadresse vir Lita by die kerk gee of 'n briefie by die kerkkantoor ingee, sodat hulle op die verspreidingslys kan kom. Uitgawes sal dan aan hulle gepos word.



Groep	Portefeuilje	Naam	Kontakbesonderhede
Bediening vir Diens	Diensleier	Peet Dorfling	peet@productivitysa.co.za Tel: 082 464 7102 diens@rietfontein-suid.ng.org.za
Taakspan vir Kinders	Taakspanleier	Lita Spreeth	lspreeth@sars.gov.za Tel: 082 453 8421 kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

Taakspan vir Omgeegroepe

Ons vervolg ons verhale van ons gemeente se Omgeegroepe. Die keer kuier ons by **DIE WITKLIPPIE OMGEEGROEP**. Geniet dit!

"Julle het dalk al gewonder hoekom hierdie naam vir ons Omgeegroepe?. In Openbaring 2:17 staan in die brief aan Pergamum: "Aan elkeen wat die oorwinning behaal sal Ek van die verborge manna gee en daarby sal Ek vir hom 'n SPIERWIT KLIPPIE gee met n nuwe naam daarop gegraveer".

Ons gooi nie met klippies nie(!) maar nooi elkeen uit om by die Omgeegroepe te kom inloer. Ons is tans 5 kernlede en kan nog enkellopende persone of egpaar akommodeer. Ons kom elke Woensdag om 19h00 bymekaar by die Hepkema's in 13de Laan, 418 (tel 012-3301400). Momenteel wissel die leierskap op 'n weeklikse basis tussen die kernlede, want ons is van mening dat dit ons help met geestelike groei. As gevolg daarvan wissel die onderwerpe van bespreking en die warm debat maak dat die be-oogde uurtjie dilwels oorskry word.

Ons lys 'n paar onderwerpe wat aan die orde was: Die Belhar Belydenis; Wie is Dissipels; Wie is die Jehovas; Die Doodstraf; Ester; Wat sê die Bybel oor die Hel; Gebedsverhoring; Hoe word Silver en Goud Gelouter; Hoeervaar jy Bekeringsdienste; Wat van teenstrydighede in die Bybel; Wat is Geestelike Groei; Beloftes uit die Bybel; Gelykenis van die Arbeiders in die Wingerd - en talle meer!!!

Ons deel ons persoonlike lief en leed. Verder reik ons uit en het meer as 'n jaar 'n egpaar van buite die gemeente ingetrek. Ook gee ons spesiale aandag aan 'n bejaarde dame van ons gemeente.

Die groepie bestaan nou twee en half jaar en dit beteken vir ons baie. Die weeklikse samekoms is 'n hoogtepunt wat ons nie graag mis nie. Ontspanning is ook daar en as groepie het ons onder andere ook Evita gaan kyk."

"LUS OM TE KOM INLOER? DALK WIL DIE HERE OOK VAN JOU 'N WIT KLIPPIE MAAK?? GAAN OOR TOT AKSIE, WANT JY IS WELKOM!" - WIT KLIPPIES - Groete van Luuk



Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591